Katbos
'N HARDNEKKIGE INDRINGER

Elbé Hugo en Marlene van der Walt, LNR-Instituut vir Graangewasse, Potchefstroom

Shutterstock

Infestasie begin by lyndrade langs paaie waar gevestigde besmetting voorkom (foto: LNR-IG, Potchefstroom).

Katbos met bessies, wit, silweragtige takkies en naaldvormige blare (foto: LNR-IG, Potchefstroom).

Shutterstock

Katbos, ook bekend as katstert of wilde aspersie, is 'n kruieagtige struik wat in al nege provinsies van Suid-Afrika voorkom. Hierdie hardnekkige plant kan weivelde en landerye baie vinnig oorneem en is ook oral langs paaie en lyndrade sigbaar. Katbos word geklassifiseer as 'n indringerplant wat voor die voet uitgeroei moet word. Dit is egter makliker gesê as gedaan.

Voorkoms en verspreiding

Katbos is deel van die Asparagusfamilie, *Asparagus laricinus*, waarvan die bekendste familielid seker die tuinaspersie is (*A. offincinalis*). Hierdie plantfamilie is bekend vir 'n goed ontwikkelde penwortelstelsel wat tot 85% van die plant se biomassa kan uitmaak. Katbos is 'n meerjarige plant met immergroen, naaldagtige blare en wit, silweragtige vertakte stingels. Katbos dra rooi vruggies wat deur voëls geëet en uitgeskei word wat bydra tot die vinnige verspreiding van die spesie. Sade van katbos kan ook deur wind, water en die beweging van mense versprei word.

Omdat katbos so geharde plant is, kan dit uiterste toestande soos droogte en erge hitte, oorleef. Katbos ryp nie dood nie en die diep wortelstelsel help plante om vinnig te herstel en voort te plant wanneer toestande weer gunstig raak. Wanneer die bosse nie beheer word nie, kan dit die beweiding van natuurlike veld totaal verhinder as gevolg van die stekelrige dorings en blare. Die beheer van katbos word ook al moeiliker as dit eers in 'n gebied gevestig het.

Beheer

Dit is geweldig arbeidsintensief om katbos met die hand te verwyder en waar moontlik moet chemiese beheer toegepas word vir doeltreffende beheer. Al is daar 'n paar onkruiddoders op die mark wat vir die beheer van katbos geregistreer is, ondervind die meeste boere wisselvallige beheer.

Blaartoegediende onkruiddoders word nie so maklik deur die naaldvormige blare opgeneem nie en grondtoegediende onkruiddoders vereis genoeg water (reën) om in die grond in te was en op te los sodat dit deur die wortels opgeneem kan word. Vir suksesvolle katbosbeheer moet byvoegmiddels altyd in na-opkoms toedienings by onkruiddoders gevoeg word om doeltreffende opname deur blare te verhoog. Geregistreerde onkruiddoders is beskikbaar in twee tipes formulasies, naamlik vloeistof en korrels, maar elke produk word verskillend aangewend en dit is uiters belangrik om die produketiket deeglik te lees om te verstaan hoe om die produk so doeltreffend moontlik toe te dien.